

Kersfees 2020 is op hande. Ons sien dit in die winkels. Oor net meer as 'n maand is dit Kersdag. Ons sou vandag Kerssangdiens gehou het, maar het weens die regulasies daarteen besluit. Oor die volgende 4 sondae gaan ons by die tema's stilstaan:

1. Wie verjaar?
2. Jesus se kersfees wenslys.
3. Ek het kersvader gesien!
4. 'n Geseënde kersfees vir jou?

Skriflesing: Matt 2:9-12; Luk 2:11-20

Tema: Wie verjaar?

Was jy al op 'n partytjie waar jy nie geweet het wie se partydjie dit is nie? Oorkant ons koshuis op die universiteitskampus was daar onthaalsale. 'n Student is mos altyd arm en honger. Soms, veral oor naweke, het 'n student of twee hulle netjies aangetrek, selfs 'n das aangesit, en dan die onthaal gaan bywoon om 'n goeie ete gekry. Hul het nie 'n idee gehad wie se funksie, verjaarsdag of troue dit was nie.

Ons doen dit partykeer met Jesus se partydjie. Ons herdenk sy geboorte sonder Hom. In die gedig: **“Van Kersfees tot Mei”** skryf Eveleen Castelyn oor die oppervlakkige manier waarop ons godsdienstige vakansiedae hou. Jy kan ook haar gedig: **“Vaderkrismus”** gaan lees. in Desember is Jesus weer gebore en hulle het Hom toegedraai in geskenkpapier en Hom neergelê in 'n supermark ek het 'n boom versier met liggies en engeltjies en Hom uitgenooi na 'n kersfeesmaal van kalkoen en wyn, maar Hy het weggevlug na die woestyn Goeie Vrydag was 'n pasga sonder bitter kruie en ongesuurde brood voor die langnaweek se uittoeg op Paasmaandag is die opstanding uit die dood feestelik gevier met paashasies en paaseiers in blinkpapier Hemelvaart was die eerste vakansiedag in Mei waarop ons kon dam toe ry.

In die **“Kersfeesliedjie”** sing Prophet van Kersfees in ons stad. Hul sing onder andere die volgende:

Liggies brand op elke straat
en die mense word vir niemand kwaad
Tienduisend vader Chrismusse is natgesweet in hul sneeumusse
Honders winkels in 'n ry is almal innig lief vir my en my geldvriend sal my help betaal
ons is gelukkig as ons persente kan koop, bier kan drink tot die trane loop
en ons liefies kan druk en dans
En hoor dan hoe sluit Prophet die lied af:
Selfmoord anoniem se skof is nou van 10 tot 10, want geld kan nooit die liefde koop en partydjies moet ten einde loop
Spaar my, spaar my, o Here spaar my nog 'n kersfees, 'n kersfees sonder Hom.

Wat beplan julle vir kersfees? Dit gaan hierdie jaar 'n anderse kersfees wees. 56% van volwassenes in Suid-afrika beplan om minder op Kersfees te spandeer as verlede jaar. 'n Bekende ekonomiesê dat dit ons aakligste kersfees ooit gaan wees. Daar is niks geld nie en daar is niks wat ons daaraan kan doen nie.

Ek weet daar is mense wat baie swaarkry. Ons kan nie leef sonder geld nie. En die Here roep ons wat kan, om hierdie mense te help.

Maar hoe lyk Kersfees by die ander van ons? Daar is minder geld in my sak, maar dit bepaal tog nie die sukses van kersfees nie. Kersfees gaan oor prioriteite. Dit gaan nie oor groot geskenke wat ons nie meer vir mekaar kan gee of 'n kerstafel wat kreun onder kos nie. Kersfees is 'n Christusfees, die fees waarop ons Christus se verjaarsdag vier. Ek en jy moet sommer nou besluit of ons Hom die ereplek in ons kersviering gaan gee.

Hoe lyk 'n kersfees en nog belangriker, 'n lewe, waar dit gaan oor Hom?
Hoe lyk kersfees waarin Christus sentraal staan?

Ons leer by die sterrekykers, of die wyse manne soos ons hulle beter ken, in Matt 2:11-12 iets hiervan. Hierdie heidene kniel en bewys hulde. Hulle was gesiene manne in hul tyd, maar laag op die grond voor Hom, vereer hulle Hom as Here.

Dit gaan nie vir hulle oor hulself nie. Hulle gee aan die Here geskenke, goud, wierrook en mirre. Daar word soms simboliese waarde aan die geskenke geheg: goud is vir 'n koning, wierrook word aan 'n god gegee en mirre is speserye vir 'n mens wat sou sterf.

Ons leer ook by die engele en skaapwagters in Luk 2 iets van 'n loflied lewe waarin Christus sentraal staan. Hulle loflied is 2 van die 6 lofliedere in Lukas. Ook Elizabeth, Sagaria, Simeon en Maria, moeder van Jesus, sing 'n loflied by die geboorte van die Kind.

Die engele sing: "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehag het!"

Die skaapwagters, anders as in die tyd van Dawid, is verag, as onbetroubaar beskou en eenkant toe gestoot. Hulle was rowwe manne met harde baarde. Ma's het hul dogters weggesteek as hulle dorp toe gekom het. Hulle is nie by die erediens gesien nie en sou ook nie digitaal ingeskakel het nie. Hierdie manne word boodskappers. Hulle aanvanklike vrees toe die engele verskyn, verander in vreugde en hulle sing saam met die engele. In "die Boodskap" staan dit so mooi: "Die skaapwagters se harte het oorgeloop van dankbaarheid teenoor God. Hulle het sy Naam geloof oor alles wat hulle gehoor en gesien het.

Vier ons so 'n Kersfees waar Christus sentraal staan?

Dit is nie asof ons nie kersfees vier nie. Kersdienste, veral hier langs die kus, is die volste eredienste van die jaar en dit is wonderlik. Maar ons mag nie maar net op kersdag 'n erediens bywoon, 'n kersboom opsit, vir mekaar geskenke gee en eet tot ons nie nie meer kan nie.

Want Kersfees gaan nie oor my en jou nie. Dit gaan oor die Here. Ons herdenk die Here se verjaarsdag. Iemand het gesê: "Al is Christus 'n duisend maal in Betlehem gebore, maar nie in jou hart nie, is Kersfees vir jou 'n nuttelose gebeurtenis." Kersfees sonder die Here in jou lewe is inderdaad 'n nuttelose en aaklige gebeurtenis.

Hoe reageer jy hierdie jaar weer op Jesus se geboorte? Behalwe die wyse manne en skaapwagters se reaksie, lees ons in die Bybel van nog 'n klomp mense wat verskillend reageer op Jesus se geboorte. Ek sluit af met net Maria en die herbergier se reaksie.

By die herbergier is daar nie plek vir Josef en 'n ver swanger Maria nie. Daar is nie plek vir die geboorte van Jesus Christus nie.

Ons lees in Lukas 1 hoe die engel Gabriel die geboorte van Jesus aankondig aan die jong vrou Maria. Kan u u indink hoe geskok en verward sy moes gewees het. Sy was jonk, pas verloof en nog 'n maagd. Haar verloofde kon haar wegjaag en dan sou sy haar hele lewe lank ongetroud moes bly. Haar pa kon haar verwerp en dan sou sy dalk 'n bedelaar of straatvrou moes word om te oorleef. Mense kon sê sy is kranksinnig as sy vir hulle vertel dat sy deur die Heilige Gees swanger geraak het. Ten spyte van al hierdie dinge antwoord sy: in Lukas 1:38: "Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat U gesê het."

Ek rig nou weer God se uitnodiging aan jou en jou huis: "Komons vier in 2020 saam die geboorte van van my Seun, Jesus Christus."

Ja dit gaan 'n anderste Kersfees wees, maar dit hoef nie 'n aaklige kersfees te wees nie.

Plaas die fokus op die regte plek. Gee geskenke aan die Een wie se verjaarsdag ons vier. Ons gaan volgende keer gesels oor watter geskenke Jesus graag wil hê.

Kom ons kniel voor die Kind in die krip, wat ook ons Verlosser aan kruis is.

Moet Hom nie weer wegstuur nie. Ons gee soos Maria, ons lewens opnuut aan Hom oor.

Laat Hom in jou ganse lewe 'n blyplek vind.

En kom ons gaan sing en leef soos die engele en skaapwagters 'n loflied lewe. Dan sal jy en jou jou huis kersdag en elke dag deel in 'n ware Christusfees.

Amen